



## Wat is Zapper?

Zapper is 'n selfoon applikasie wat met kodeskandering tegnologie werk om debiet- of kredietkaartbetalings te vergemaklik. Dit word ondersteun deur VISA en MasterCard. Die applikasie is reeds in ons omgewing by van die restaurante en geriefswinkels in gebruik. Zapper is aktief besig met bemarking in Middelburg, dus sal dit in die toekoms meer algemeen gebruik kan word.

## Die voordele van Zapper

Die gemeente het al meer navrae gekry vir kaartmasjiene en makliker maniere om dankoffers, kollekte of spesiale dankoffers te kan gee. Die mark, basaar ens. het dieselfde behoefte vir gemaklike maniere om betalings te doen. Die voordeel van Zapper is dat daar nie rye by kassiere of seker punte hoef te wees waar 'n masjien staan nie. Elke persoon het eintlik 'n kaartmasjien op sy eie foon. Jou kaart word ook nie aan iemand oorhandig nie en die sekuriteit van die applikasie is baie goed. 'n Lidmaat wat bv tydens die erediens vir die dankoffer of die deurkollekte 'n spesifieke bedrag wil gee, hoef nie kontant beskikbaar te hê nie, maar kan dit sommer daar en dan deur middel van Zapper skenk.

## Koste van Zapper

Vir die gebruiker is die koste die normale koste van 'n kaarttransaksie. Die gemeente betaal geen maandelikse fooi nie maar wel 'n klein kommissiebedrag soortgelyk en selfs minder as 'n kaart transaksie. Die koste van 'n kontantheringsfooi op depositos vergelyk ook goed met die koste van 'n Zapper transaksie. Die voordeel is wel dat minder kontant op die kerk se perseel is.

## Sekuriteit

Geen inligting word op enige ander plek behalwe jou foon gestoor waar dit encrypt word nie. As jy die app met 'n pinkode beskerm is dit baie veilig. Sou jy die pin vergeet, moet die hele applikasie herlaai word. Indien jou foon dus gesteel word kan die pin nie herwin word nie en kan die dief dit nie gebruik vir transaksies nie. Die voordeel is dat jy nooit jou kaart aan iemand oorhandig of 'n pin insleutel op 'n ander party se kaartmasjien nie. Ons stel dus voor dat jy beslis 'n pin registreer deur na die "settings" en "privacy settings" deel op die applikasie te gaan en 'n pin in te stel. Dit hoef nie dieselfde as jou kaartpin te wees nie, maar kan ook wees.

## Waarvoor kan jy dit by Middelburg-Suid gebruik?

Tydens dankoffertyd om 'n erediensdankoffer te gee, of selfs vir deurkollekte of normale dankoffers. Alhoewel Zapper donasiebedrae gee waaruit jy kan kies is daar plek vir jou eie bedrag. Dit gaan ook beskikbaar wees by die basaar, Crossing boundaries, Mark ens. Daar is 'n "reference" veld waarin jy 'n verwysing kan gee waarvoor die donasie of aankope sou wees. Die kode is beskikbaar op die afkondigings, in die kantoor en op die webblad.


### *En wat van kontant of EFT betalings?*

Kontant of EFT is nog steeds, soos in die verlede, baie welkom. Hierdie is slegs 'n alternatief om transaksies vir die lidmate makliker te maak.


## Installasie

1. Die app werk op IOS, Android en Windows fone. Gaan na jou app store, soek ZAPPER en laai dit af.(Gratis)
2. Volg die aanwysings op die app vir installasie. Let op dat slegs VISA of MASTERCARD kaarte ondersteun word. Debietkaarte van sommige banke werk ook nie met Zapper nie.

Baie belangrik om die pin in te stel! Jy doen dit as volg:




Click the menu button



Then on Settings



Select Privacy Settings



Tick all the boxes



NG Suid se kode:

